



Verwysing: 20160606-1499
5/6/2
Navrae: O. Apollis

Omsendbrief: 0033/2016
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal; Hoofdirekteure; Direkteure; Adjunkdirekteurs; Kringbestuurders; Bestuurders: Strategiese Inligtings-, Beheer- en Mensbestuur; Hoofde: Kurrikulumkoördinerings- en -advies; Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame van openbare primêre en sekondêre skole

Kort opsomming: Hierdie omsendbrief stel alle direkteure en prinsipale in kennis van hulle aanstelling as artikel 16(2) aanstellings wat hulle verantwoordelik maak vir die bestuur van beroepsgesondheid- en veiligheidskwessies in hulle aangewese aanstellingsdomein.

Onderwerp: Artikel 16(2) aangesteltes soos bepaal deur die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid

1. Volgens die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid, 1993 (Wet 85 van 1993), moet alle werkgewers waar dit redelikerwys uitvoerbaar is, 'n veilige en gesonde en risikovrye werkomgewing vir werknemers voorsien en in stand hou. Die primêre verantwoordelikheid om 'n veilige en gesonde werkomgewing te verseker is dié van die hoof-uitvoerende amptenaar (HUA) of die persoon wat as die HUA van die organisasie beskou word.
2. Sonder om op hierdie verantwoordelikheid of aanspreeklikheid inbreuk te maak, mag die HUA egter gesondheidsverwante en veiligheidsverantwoordelikhede aan die bestuur van die besigheid of organisasie deleger. Ingevolge hierdie aanstelling, sal die artikel 16(2) aangestelde(s) dan vir die bestuur van beroepsgesondheid en veiligheidskwessies in hulle aangewese aanstellingsdomein verantwoordelik wees.
3. Ná aanstelling sal hulle wetlik verplig wees om die HUA [artikel 16(1)] met veiligheidsbestuur in hierdie aangewese domeine by te staan. Die bedoeling van die wetgewer is om 'n amptelike wetlike struktuur binne die organisasie af te dwing. Hierdie voorgeskrewe strukture help grootliks met die behoorlike delegasie van gesondheid- en veiligheidsverwante verantwoordelikhede binne die

besigheidsomgewing (gebaseer op artikels 16 en 37 van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid).

4. Om doeltreffende veiligheidsbestuur binne opvoedkundige inrigtings van die Wes-Kaapse Regering (WKR) te fasiliteer, verklaar die Hoof van die Departement hiermee dat alle direkteure en alle prinsipale van WKR-skole aangesteldes ingevolge artikel 16(2) is. Ten einde hierdie verantwoordelikheid uit te voer, moet aangesteldes ingevolge artikel 16(2) hulself vertrouwd maak met alle statutêre vereistes soos deur die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid en regulasies bepaal en, sover dit redelikerwys uitvoerbaar is, verseker dat die pligte van hierdie wet behoorlik uitgevoer word.
5. Die aangehegte 16(2) Aanstellingsbrief wat die toegewese pligte aanvaar, moet paslik onderteken en ingedien word by:
 - die Kantoor van die Direkteur van elke distrikskantoor deur WKR-prinsipale van skole;
 - die Hoofdirekteur van Distrikte deur distrikskantoordirekteure; en
 - die Kantoor van die Hoof van Onderwys deur alle hoofkantoordirekteure.
6. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle personeellede.

GETEKEN: P A VINJEVOLD

HOOF: ONDERWYS

DATUM: 2016-08-18